## BESPARINGSMAATREËLS TEN OPSIGTE VAN MUNISIPALE DIENSTE

### ELEKTRISITEIT

(a) Buiteligte moet gedurende die dag afgeskakel wees.
(b) Slegs wanneer natuurlike lig onvoldoende is, moet klaskamerligte gedurende die dag aangeskakel word.
(c) Slegs die sekuriteitsligte en die hoekklaskamers se ligte moet saans aangeskakel word.
(d) Gedurende naweke en skoolvakansies moet bogenoemde ligte (kyk (c)) saans aangeskakel en soggens afgeskakel word.
(e) Die installering van meters vir voorafbetaalde elektrisiteit moet oorweeg word aangesien skole beter beheer oor hul gebruik van en besteding aan elektrisiteit sal kan uitoefen. Eskom en die meeste ander munisipaliteite het aangedui dat dit vir hulle moontlik sal wees om hierdie meters te installeer.

### WATER

(a) Munisipale waterbeperkings, soos van tyd tot tyd deur plaaslike owerhede uitgereik, vervang enige ander vereistes en moet, behalwe enige ander riglyne, streng nagekom word.
(b) Watersproeiers moet spaarsaam gebruik en toegedraai word wanneer grasperke en blombeddings nat genoeg is. Daar is diensverskaffers wat waterbeperkingsmeters installeer. Daardie opsie moet deur skole oorweeg word.
(c) Die watertoevoer na urinale en krane buite die geboue kan met behulp van afsluitkrane afgesluit word wanneer dit nie benodig word nie, byvoorbeeld ná skoolure en veral oor naweke. Oorweeg die vervanging van standaard-urinale met waterlose weergawes of rus urinale toe met doeltreffende outomatiese spoelmeganismes.
(d) Maak seker dat alle krane behoorlik toegedraai is voordat die skoolterrein verlaat word.
(e) Hou gereeld byeenkomste met personeel, leerders en ouers waar waterbesparing aangemoedig word.
(f) Munisipale fakture moet bestudeer word om te verseker dat dit nie die geskatte rekeningtydperk van 365 dae oorskry nie.
(g) Toevoerpype en watermeters moet gereeld vir moontlike lekkasies en foute getoets word. Die volgende prosedure moet gevolg word:
- Wanneer die skool vir die dag sluit, maak seker dat alle krane toe is en neem die meterlesing.
- Neem weer 'n meterlesing die volgende oggend voordat enige krane oopgedraai word.
- Vergelyk die lesings en, indien dit verskil, doen die volgende stappe:
  - Wanneer die skool die volgende dag sluit, draai die afsluitkrane toe en neem die meterlesing.
  - Neem weer 'n lesing die volgende oggend voor die afsluitkrane oopgedraai word.
  - Indien die lesings steeds verskil, dui dit daarop dat die watermeter foutief is of dat daar 'n pyplekkasie is.
  - Tref onmiddellik reëlings vir die herstel van die foutiewe watermeter en/of pyp.

### VULLISVERWYDERING

Monitor die getal vullisdromme wat gebruik word. Plaaslike owerhede hef gewoonlik 'n tarief per drom. Dit is dus belangrik om so min vullisdromme as moontlik te gebruik. Daar kan ook oorweging geskenk word aan die aanstelling van 'n privaat kontrakteur om die skool se vullis te verwyder.